DEEL 114 | WEEK 28 | 15 JULIE 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# ELEKTRISITEIT IS 'N TYDBOM

Na talle klagtes oor die krag- en watervoorsiening, is Ngwathe weereens in die sop. Ngwathe Parys moes onlangs R1.1 Miljoen opdok aan Eskom vir skadevergoeding. Dit kom nadat Eskom se kragnetwerk op die plattelandse dorpie oorlaai is. Die herstelwerke is eers voortgesit nadat die betaling gemaak is, wat veroorsaak het dat Parys 'n hele naweek sonder krag moes deurbring. Met onlangse kragaansluitings en verdeelkaste wat brand, kan mens nie help om te wonder of Heilbron dieselfde paadjie sal stap as Parys nie?

Inwoners van Heilbron kan hulle ontevredenheid nie meer inhou oor die swak dienslewering van Ngwathe nie. Dit kom nadat 'n blok amper 'n halwe dag sonder krag gesit het nadat die substasie agter Spar gebrand het. Jimmy de Villiers Smit, eienaar van Spar Heilbron, vertel dat die verdeelkas maklik elke tweede week aangemeld moet word by Ngwathe vir herstelwerk. Die rede vir die brande wat by die verdeelkas ontstaan, is volgens Jimmy omdat die winkel te veel krag trek wat dan die terminaal brand, asook die kabel wat te dun is vir die hoeveelhede krag wat dit moet hanteer. Jimmy gaan aan om te vertel dat die tyd wat die krag af is hom noodsaak om ekstra onkostes aan te gaan.

Die inwoners van die huis langs Spar het ook hulle ongelukkigheid geopper na daar rook uit 'n kragkabel wat tussen Spar en hulle erf op die sypaadjie lê, getrek het. Tok Bouwer, wat langs Spar in Piercestraat bly, vertel dat die kragkabel, wat oop buite sy erf lê, op drie verskillende plekke begin rook het voor die boks aan die brand geslaan het. Hy het die tegnikus van Ngwathe in kennis gestel en volgens Tok was die werker redelik ontsteld, omdat hy onder die indruk was dat Tok Ngwathe direk gekontak het. Hy vrees vir sy kleinkind en ander kinders se lewens en dat die kabels waarvan dele vlak begrawe is en ander dele oop lê, 'n gevaar inhou. Die inwoners van Heilbron versoek dat Ngwathe die kabel behoorlik onder die grond begrawe en 'n meer veilige omgewing skep vir mense in dié gebiede waar die kabels oop lê, soos by Spar en Die Plaaskombuis. Volgens die tegnikus van Ngwathe het hulle reeds die kabels by mnr. Bouwer dieper begrawe.

Koos Ferreira vertel ook sy kant van die saak en sê hy het wel vir Henk Coetzer, die bestuurder van tegniese dienste van Ngwathe Parys, in kennis gestel en gevra wanneer die substasie agter Spar vervang sal word, maar op diè vraag is steeds geen antwoord nie. Henk kon teen druktyd ook nie bereik word vir enige kommentaar nie.

Gedurende die week is daar tydens beurtkrag ook kragkabels gesteel wat veroorsaak het dat die Sandersville gemeenskap vir 'n lang tydperk sonder krag gelaat is.

Die vraag is nou, moet daar altyd eers 'n ernstige gebeurtenis plaasvind voordat behoorlike en noodsaaklike dienste gelewer gaan word?












# *Uit die pen:* Week 28 van 2022

Die meeste onderwysers bly nie vir die res van hul lewens onderwysers nie. Party verlaat die (edele?) beroep en gaan werk in die korporatiewe wêreld. Trouens: ek weet van 'n brandstofmaatskappy wat graag gebruik wil maak van skoolhoofde om hulle petrolstasies te bestuur.

Ander onderwysers word vakhoofde, later departementshoofde en uiteindelik skoolhoofde. Ek het so twee weke gelede na 'n baie bekende, afgetrede skoolhoof geluister waarin hy vertel het dat hy sy sukses as skoolhoof meet aan hoeveel potensiële skoolhoofde hy by sy skool kon oplei. Van hulle is tans skoolhoofde by vooraanstaande skole.

Sy nuwe perspektief het my baie laat dink, want sommige skoolhoofde het ander suksesmylpale: hulle wil hierdie jaar die rugbyliga wen, of tien kinders na die nasionale Expo toe stuur. Sommige wil die skaakskool van die jaar wees en dalk 'n paar dramaturge oplewer. Wanneer ek die twee perspektiewe teen mekaar opweeg, weet ek watter een het meer waarde, maar dit is nou maar my opinie.

Ander onderwysers wil graag eendag 'n vakadviseur (vakfasiliteerder, leerfasiliteerder, inspekteur, watter term jy ook al wil gebruik) word, want dit lyk na 'n ghrênderige werk. Laat ek net gou jou borrel bars: dit is glad nie. In elk geval nie in die deel van onse provinsie waar ek gewerk het nie.

Jy moes vir alles vra en tevrede wees met 'n "nee". Ek het my eie skootrekenaar gebruik, my eie drukker, my eie kar, my eie data, my eie foon. Later het ek darem my eie kantoor gekry, maar ook dit het nie sonder 'n geveg gekom nie.

Ek word, 18 maande nadat ek aangestel is as vakadviseur, na die Hoërskool oorgeplaas. Nou begin die harde werk, laat die hoof van die onderwysdepartement my weet. Ons ken mekaar en het vir 'n paar jaar saamgewerk. Jy gaan van skool na skool ry, klasse gee, kyk dat al die werk gedoen word, werkswinkels hou, vertel sy my smalend. Ja, ek is gereed daarvoor en vryf my hande teenmekaar, dit is wat ek wil doen.

Alle bogenoemde word uitgekanselleer omdat daar geen vervoermiddel is nie. Nie eers 'n werkende donkiekar nie. Nog 'n geveg: behalwe met die tannie wat nie karre wil toeken nie (ek het mos so twee weke gelede van haar vertel), is daar nie juis karre nie.

Een oggend strip ek my ongeluk en stap na die groot-groot baas se kantoor. Ek is briesend. Die sekretaresse laat my sommer dadelik deurgaan na haar kantoor. Ek vertel vir haar van die krisis: ek moet my werk gaan doen, maar ek het nie 'n kar nie, alhoewel daar 'n handvol karre in die garage staan, maar ons mag nie daarmee ry nie.

Sy is dadelik op die foon en reël dat ek 'n kar kry. Maar net vir die dag want daar is ander mense wat ook wil werk. (Ja, sure). En, terwyl ons nou besig is, kan ek sommer 'n kantoor kry?

Terug by die gebou waarnatoe ek geskuif het toe ek Hoërskool toe is, kry ek 'n kantoor. Jare gelede is die gebou gebruik as opleidingskollege en die teekamer is darem nog oop. Al die ander kollegas is in die hoofgebou of aan die noordekant van die gebou. Ek, sielsaligalleen, aan die suidekant van die gebou.

Dis 'n lang vertrekkie met 'n stukkende venster. Dis vuil binnekant. Ek vra een van die skoonmakers om te kom help skoonmaak. Nee, ek verstaan seker verkeerd. Hulle maak nie kantore skoon nie. Maar help my net gou, asseblief? Nee, ons maak nie kantore skoon nie. En dis dit. Hulle eet verder aan die middagkos in die son en lag dawerend.

Die volgende dag bring ek skoonmaakgoed van die huis af, besem en mop. Ek maak skoon totdat alles blink.

Ek kry 'n boekrak in 'n aangrensende klas en sleep dit, vrou-alleen, na my nuwe kantoor toe. Julle wil my mos nie help nie, ek sal sélf. Ek maak dit skoon, my goeie man kom maak die deurtjies daarvan reg en ek pak my boeke daarin.

Daar is 'n lang toonbank, lessenaarhoogte, in die lengte van die kantoor. Aan die ander kant van die kantoor is daar 'n opwasarea met 'n vieslike, septiese wasbak wat ek ook moes skoonmaak.

Ek bring 'n ketel, bekers, teelepels, koffie, tee, suiker, koeldrank en natuurlik: my eie toiletpapier. Dis wel 'n dagreis te perd tot by die badkamers, maar daar is darem een toilet met 'n sitplek. En met my eie toiletpapier kan ek doen wat mense in badkamers doen.

Ek bring 'n sitkamerstelletjie saam en groepeer dit in my kantoor. Ek hang my eie gordyne en laat die stukkende venster op my eie koste vervang. Ek gaan haal een etenstyd 'n werker van die glaswinkel en na 15 minute is my ruit vervang. Ek neem hom weer terug.

Almal weet dat die suidekant die koudste deel is, en ek bring 'n olieverwarmer van die huis af. My kantoor is gereed.

Aan die agterkant van my kantoor is 'n afgeleefde stuk grond wat jare gelede, toe die perseel 'n opleidingskollege was, 'n pragtige atletiekbaan was. Tans is daar twee geroeste doelpale, en g'n mens kan daar sokker speel nie. Die gras groei geil, so hoog soos 'n perd. Op 'n dag brand iemand die gras.

Etenstye trek ek gou my oefenklere aan en gaan stap en later draf ek om die baan. Ek stap die trappe op en af en kry sodoende my daaglikse oefening in.

Een na die ander kom die kollegas na my nessie kyk. Hulle wens dat hulle ook so 'n kantoor gehad het. Hulle kyk verlangend na die koffie en teel. Maar ek laat hulle kyk.

Ja, julle helle, dink ek, toe ek 'n kantoor wou hê, het niemand aangebied dat ek met julle kon deel nie. Nee, ek moes in die hengse groot opleidingsvertrek sit, waar al die boeke en bokse wat niemand in drie jaar nog uitgepak het nie, my verswelg. Totdat ek die ou teekamer gewen het.

Kry vir julle.

Ten minste is ek uit die oog.

# MENTAL ILLNESS - CAUSES AND EARLY SIGNS

■ *Heilbron Clinic*

**What is Mental Illness?**

Mental illness, mental disturbance or psychiatric illness are descriptions of the same condition.

It could entail disturbances of mood, observation ability, thoughts, will power, memory and behaviour. One of the major mental illnesses, schizophrenia is a condition where different functions of the brain are not co-ordinated. Spoken words may, for instance, bear no relationship to what the person is experiencing or trying to convey and what the person hears or sees may be distortions of reality.

**How is mental illness caused?**

Although no exact cause for mental illness has been identified, some people are more at risk, due to the following factors:

• Genetic factors
• Environmental stress
• Chemical imbalances

**What does it affect?**

Mental illness can affect anyone, regardless of age, gender, intelligence, race, social class, religious grouping and culture.

**Symptoms**

As with illnesses there are varying degrees of mental illness. Symptoms of the major mental illnesses, such as schizophrenia appear to be more frightening to both the ill person and to the observer, because they do not understand what is happening.

With the less severe illnesses, the symptoms we find are often forms of anxiety, depression and fear, emotions with which we are all familiar.

When people become ill, these emotions can get out of control and exaggerated, causing a great deal of distress, and an inability to cope with everyday activities.

*Whilst some persons with mental illness remain functional and in control of their lives, others need ongoing support.*

**What are the early signs?**

The following can be early signs of mental illness:

• Mood Changes

The person appears withdrawn, silent, listless, depressed, suspicious and dejected without any reason. Sometimes sudden anger erupts, Aggressive behaviour or even extreme elation may be displayed.

• Changes in work performance
• Hearing of voices, seeing imaginary phenomena and being anxious about imaginary problems.
• Insomnia, headaches, fluctuations of weight and other physical complaints where there is no physical evidence of a problem.
• Loss of interest in things such as grooming, work, studies and/or family ships.

All symptoms should be checked with members of a mental health team (doctor, psychiatrist, social worker of psychiatric nurse) before any diagnosis can be made. Remember, that mental illness can be treated.

**What are the effects of mental illness on the family?**

Family life can be disrupted by the illness of a member. The stigma attached to mental illness makes it difficult for the family and the affected person to cope.

As with any other serious illness, emotional social and financial problems can develop in the family who has a member affected by a mental illness.

Emotions which the family may experience on diagnosis of a mental illness, may be:

• Denial ("This can't be true. This hasn't happened in our family before")
• Fear and anxiety ("What will happen? People will reject us.")
• Guilt feelings ("What did we do to cause it?")
• Anger ("Does the doctor know what he is talking about?")
• Feelings of loss ("Our dreams and ambitions for our child are gone.").

**What you can do to help?**

As a member of the community you can play an important role by assisting persons with a mental illness to live a better life. Even if you are not directly involved with a person with mental illness, this information is also meant to help you understand those who are ill and to help them find the appropriate support.

**You can assist as follows:**

• Acknowledge the person's skills and abilities.
• Be accepting, understanding and supportive.
• Get the correct facts, read and ask questions to mental health professions, such as social workers, psychiatrists and nurses.
• Distribute information, so as to break down the stigma about mental illness.
• Enable rehabilitation and assist with recovery by providing work opportunities, funds and support services.
• Encourage the establishment of group homes so that persons who are affected by metal illness can live within your community while enjoying their independence.
• Set an example, befriend, encourage and involve the person with mental illness in community activities.
• Refer any person in need of help to a mental health society.

More information about illnesses such as schizophrenia, depression, phobias etc. can be obtained from your nearest mental health society, clinic or mental health professional. Knowledge about these illnesses helps to break down the stigma and makes it easier for families and/or relatives and the affected persons to cope.

# HUPPEL TRIPPEL KLUB

## *Die ontstaan en geskiedenis van Heilbron*

Die gebore- en grootword-Heilbronners kon sommer ver paaie terugloop in tyd. Daar is ook gesels oor die bekendes wat in Heilbron gebore en getoë is. Mense soos onder andere drr Anton Prinsloo, Dirk Hermann, Murray Janson, Genl Christiaan de Wet en ander. Daar is ook lekker geskinder oor die politieke onderstrominge van destyds. Verder het die gesels gedraai by die pragtige ou huise in die dorp en wie hulle meer as 'n eeu gelede laat bou het. Dit is afgesluit met 'n kyk na die besonder baie familie-besighede in die dorp. Ons bly voorwaar in 'n baie interessante dorp. Die volgende dorp in die visier is Edenville



# MISDAAD BLY 'N GROOT PROBLEEM





Dis 'n feit dat misdaad in Heilbron 'n groot probleem is waarvoor daar nog geen oplossing is nie. Die afgelope week was daar weer 'n vlaag van inbrake waar talle besighede en huise teikens was. Susan Bornman, 'n welbekende inwoner van Heilbron, se huis was Donderdagmiddag een van die huise wat deurgeloop het. Susan vertel dat vier gewapende mans Donderdag 15:05 helder oordag in haar huis ingebreek het. Volgens Susan kan jy op die kameras sien hoe 'n onbekende voertuig driemaal om die huis ry waarna hulle stop en uitklim. Sy vertel ook dat die kameras wys hoe dit hulle net 'n paar sekondes neem om in die huis te kom. Gelukkig was Susan nie tuis tydens die voorval nie. “Iets het net vir my gesê ek moet ry.” Susan voeg by dat talle waardevolle items uit haar huis gesteel is, waarvan twee windbukse asook haar juwele. Die skade is ongeveer R110 000.00. Susan beweer dat hulle die Polisie gekontak het, maar hulle eers Vrydagaand 20:30 op die toneel verskyn het. Hierdie was nie die enigste voorval nie. Die NG kerk Moedergemeente en Dr Baan se spreekkamers was ook teikens van misdaad. Dr Baan, die plaaslike tandarts, vertel dat hulle net haar kameras afgeruk het, maar dat daar geen vingerafdrukke gevind is nie.


POSTNET HEILBRON

BESIGHEIDSURE
**MAANDAE - VRYDAE:** 08:00 -16:30
**SATERDAE:** 09:00 -12:00

*Elsstraat 42, HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*

BALE TE KOOP

•Eragrostis nuwe seisoen
•Goed bemes
•Sal help met laai
•Sluit nie vervoer in nie, kan gereel word teen ekstra koste

Bale @ R300.00 elk
300 bale beskikbaar!

KONTAK LEON
083 229 1964

CH Tombstones & Granite Works
Countertops & Tombstone Factory
Granite * Marble * Quartz
082 318 8299




# MOEDERGEMEENTE BUFFELPROJEK WENNERS

Die groot trekking waarna almal uitgesien het, het uiteindelik aangebreek. NGK Moedergemeente se jaarlikse trekking het op Vrydag 7 Julie plaasgevind, waar agt jagpryse op die spel was. Die grootste prys was natuurlik die Buffeljag waarvan Koos Engelbrecht die gelukkige wenner was. Verwey van der Westhuizen, wat drie boekies gekoop het, was een van die mees gelukkigste wenners van die dag. As gevolg van die baie kaartjies wat hy gekoop het, was sy naam drie keer getrek. Al die wenners was direk na die trekking deur Ds Braam gekontak om hulle die goeie nuus mee te deel. Ds Braam het ook elkeen tydens die oproep bedank vir hulle bydra met die fondsinsameling. 'n Bedrag van R306 500 is met die Wildjag-kaartjieverkope ingesamel. Die wenners was as volg: Koos Engelbrecht, Verwey van der Westhuizen, Stefan du Toit, Rihan Landman, Ben van der Westhuizen en JC Smith.




*Op die foto vl: Ds Braam en Marina van Zyl, Abrie Watson, Marisa en Jacques van Rooyen, Petra Els en André Janse van Rensburg.*




# BOKKIEWEEK



*Hanru Steyn van Hoërskool Heilbron was deel van die 0/13 Noord-Vrystaat span wat deelgeneem het aan die Bokkieweek in Kroonstad. Harde wedstryde is gespeel, gewen, verloor, gevries en gesweet.*




*Die 0/19 Luiperds (Plattelandse Spanne) van Hoërskool Reitz is as wenners by die 2022 VKB Rugbyweek gekroon. Hoërskool Reitz het die week aangebied.*

# OPENBARE NIE-WINSOOGMERK ORGANISASIES MOET NOU OPTREE

Instansies soos ouetehuise, welsyn-, kulturele-, sport- en ander nie-winsbejag organisasies moet kennis neem dat hulle volgens munisipale belastingwette verplig is om erfbelasting te betaal, maar wel ook kan aansoek doen vir kortings ten aansien van betaling daarvan. Skriftelike aansoeke moet egter voor 31 Augustus 2022 by die munisipaliteit ingedien word om in aanmerking te kom vir kortings vir die finansiële jaar wat op 1 Julie 2022 begin het. Aansoekvorms is by munisipale kantore en by die kantoor van VF Plus Raadslid Phillip van der Merwe beskikbaar en instansies wat hulp met aansoeke benodig is welkom om Raadslid Phillip van der Merwe te kontak by 058 852 2041. Applikante moet verkieslik hul aansoeke in duplikaat voorberei en 'n afskrif deur die munisipaliteit laat stempel wanneer dit ingedien word as bewys van ontvangs daarvan. Applikante moet beskik oor 'n Sertifikaat van die SAID wat bevestig dat die instansie aldaar geregistreer is vir vrystelling van betaling van inkomstebelasting voordat die instansie vir korting op erfbelasting sal kwalifiseer. 'n Afskrif van die belastingvrystelling-sertifikaat moet by die aansoek aangeheg word.

# HOU BRONNIES SE NAAM HOOG

*Op die foto regs Leandri Bennink en Judike Gavin van Hoërskool Heilbron het die 0/19 Noord-Vrystaat hokkiespan verteenwoordig by die Bokkieweek. Hulle het baie geleer en die Bronnies se naam hoog gehou! Op die foto onder Leandri in aksie.*





# PENSIOENARISSE MOET ONTHOU!

Pensioenarisse wat kwalifiseer vir kortings op erfbelasting vir die nuwe munisipale belastingjaar wat op 1 Julie 2022 begin het, moet othou dat aansoeke vir die afslag gedoen moet word voor 31 Augustus 2022.

Om te kwalifiseer moet die applikant eienaar van die eiendom wees en dit self bewoon, ouer wees as 60 jaar of 'n ongeskiktheidspensioen ontvang en nie eienaar wees van meer as een eiendom nie.

Die inkomste van die huishouding (d.w.s. applikant en gade) moet minder beloop as R8 660,00 per maand. Kortings word as volg bereken: op inkomste van R 0,00 tot R4 500,00 per maand: 100% -- op inkomste van R4 501,00 tot R5 100 per maand: 60% -- op inkomste van R5 101,00 tot R7 950,00 per maand 30% en op inkomste van R7 951,00 tot R8 660,00 per maand: 15%.

Aansoekvorms vir die korting is by munisipale kantore beskikbaar en pensioenarisse wat hulp met die aansoek benodig is welkom om Raadslid Phillip van der Merwe van die Vryheidsfront Plus te kontak by 05885 22041.

# KENNISGEWINGS

Form JJJ

**NOTICE IN TERMS OF REGULATION 68 OF THE DEED REGISTRIES ACT, 1937, IN REGARDS TO A LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NUMBER T23938/2005** passed by
**PHILIPPUS JACOBUS LODEWIKUS BIERMAN**
**Identity Number: 591101 5001 087**
**Unmarried**
in favour of
**1. FLOORS PETRUS JACOBUS SMIT**
**Identity Number: 601206 5031 089**
**Married out of community of property**
**2. LIZELLE SMIT**
**Identity Number: 680711 0032 085**
**Married out of community of property**
in respect of certain
**ERF 917 ORANJEVILLE (EXTENSION 1), DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Bloemfontein on this 15 day of July 2022.
**APPLICANT - CHRISTNA SOPHIA BOTHA**
**ADDRESS: 104 KELLNER STREET, WESTDENE,**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-MAIL ADDRESS: christna@bezuidenhouts.co.za**
**CONTACT NUMBER: 051 448 9755**
**REFERENCE NO: DB1072**

Form JJJ

**NOTICE IN TERMS OF REGULATION 68 OF THE DEED REGISTRIES ACT, 1937, IN REGARDS TO A LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NUMBER T23939/2005** passed by
**PHILIPPUS JACOBUS LODEWIKUS BIERMAN**
**Identity Number: 591101 5001 087**
**Unmarried**
in favour of
**1. FLOORS PETRUS JACOBUS SMIT**
**Identity Number: 601206 5031 089**
**Married out of community of property**
**2. LIZELLE SMIT**
**Identity Number: 680711 0032 085**
**Married out of community of property**
in respect of certain
**ERF 918 ORANJEVILLE (EXTENSION 1), DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Bloemfontein on this 15 day of July 2022.
**APPLICANT - CHRISTNA SOPHIA BOTHA**
**ADDRESS: 104 KELLNER STREET, WESTDENE,**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-MAIL ADDRESS: christna@bezuidenhouts.co.za**
**CONTACT NUMBER: 051 448 9755**
**REFERENCE NO: DB1072**




## COVID-19 OORSIG

| Munisipale Area | Dorp | 7 Julie '22 | 14 Junie '22 |
|---|---|---|---|
| METSIMAHOLO | Sasolburg | 11 400 | 11 409 |
| | Deneysville | 876 | 876 |
| | Oranjeville | 252 | 252 |
| MOQHAKA | Kroonstad | 7818 | 7819 |
| | Viljoenskroon | 1159 | 1159 |
| | Steynsrus | 214 | 214 |
| NGWATHE | Parys | 3210 | 3212 |
| | Heilbron | 1536 | 1536 |
| | Koppies | 1375 | 1375 |
| | Edenville | 213 | 213 |
| | Vredefort | 412 | 412 |
| MAFUBE | Frankfort | 1918 | 1921 |
| | Villiers | 681 | 681 |
| | Cornelia | 181 | 181 |
| | Tweeling | 392 | 393 |
| TOTAAL | | 31 636 | 31 653 |

# SUDOKU

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7 | 1 | 8 | | 4 | | 2 |
| 4 | | | | 5 | | | |
| 6 | | 5 | | | 7 | | |
| 8 | | | 7 | 1 | 6 | 5 | 4 |
| 3 | 8 | | | 4 | 1 | 7 | 5 |
| | 4 | 7 | | | | 6 | 3 |
| 7 | | | 6 | | | 4 | 1 |
| | | | | 7 | 5 | | |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.


**Petrus Steyn Internet**



Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Petrus Steyn en nabygeleë plase.
Kontak ons vir enige navrae of bystand: 071 608 7909


# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BLOEDSKENK DATUMS - 2022**




**26 Julie 2022**
**27 September 2022**
**29 November 2022**

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
**• Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
**• John Watson** john@heilbron.co.za
**• Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
**• Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
**• Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
**• Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
**• Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
**• Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
**• Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
**• Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***








**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
**· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
**· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
**· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**



Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

HERALD

Sport

# BOERETREAT LOK WYE BELANGSTELLING

Die vooruitsig is dat daar sowat 144 spelers gaan deelneem aan vanjaar se Boeretreatfees en -gholfdag. Covid het die dag gepootjie en gaan dit vanjaar op 5 Augustus aangebied word na twee jaar se uitstel as gevolg van die pandemie. Soos gebruiklik sal daar statiese uitstallers en gaskunstenaars wees om die dag meer kleur te gee. Die Boeretreat-komitee beywer hulle om geld in te samel vir liefdadigheid en behoeftige mense te help.

Saterdag se HBA maandbeker is gewen deur Vian Leeb met 'n netto telling van 71 houe. Kobus Weilbach speel bestendig gholf, hy was tweede met 72 netto houe. Brieke van Staden is uit sy gholf droogte en hy eindig derde met 73 netto houe.

Die bestuur beplan 'n paar veranderings by die klub en oorweeg dit om die ingang te skuif na die oorspronklike ingang voor by die gebou. Die rouwaterpomp by die rioolwerke is weer reg en sal dit 'n effens verligting gee aan die setperke wat baie droog was.

Môre is dit gewone spel vanaf 11:00.





# HIERDIE NAWEEK VIERHOEK-TOERNOOI

Tien lede van Heilbron Rolbalklub gaan hierdie naweek in Welkom aan die Vierhoek-toernooi deelneem.

Rudi Jacobs, TL de Waal, Edward Muller, Tracy Jacobs, Hannalie Claassen, Henriehett de Waal, Babs Knoesen, Amelia Galatis, Sonja Muller en Magda Dames sal Valsrivier verteenwoordig.

Hulle sal daar deelneem teen spelers van Goudveld, Noord-Wes en Oos-Vrystaat.









**JAARPROGRAM : 2022**
**RIEMLAND JAGTERSVERENIGING**

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 13 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 20 AUGUSTUS | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 03 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 08 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 09:00 |
| 15 OKTOBER | ALGEMENE JAARVERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 04 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2023 MOET NOU BETAAL WORD | |




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG -18 JULIE 2022**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

**DINSDAG - 19 JULIE 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

HARRISMITH: FERRERO BONSMARAS
11:00, Grootdraai, Harrismith
Kontak John Campher 072 202 0160

**DONDERDAG - 21 JULIE 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

VREDE: CHARFONTEIN DOHNE MERINO STOET
11:00, Humania, Vrede
Kontak Jandre Moll 082 307 9169

**VRYDAG - 22 JULIE 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

FRANKFORT: ANDREW JORDAAN & SEUNS
40 Merino ramme
11:00, VKB Veilingskrale, Frankfort
Kontak Danie de Wet 082 772 4537

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za